higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOEREKONOMIE
NKR VLAK 2

(11020282)

12 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NC(V)

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Mobiliteit is die vermoë of begeerte om iets te verkry.

1.2 Die onderafdelings van Transnet sluit Transnet spoorvrag in.

1.3 Die vervoerbedryf beïnvloed 'n land se ekonomie.

1.4 Die Mediterranean Shipping Company en Grindrod Beperk is enkele van die rolspelers in die privaatwatervervoermark.

1.5 Die produksiesektor in Suid-Afrika bestaan slegs uit mynbou en petroleum.

1.6 Die snelbusvervoerstelsel ('bus rapid transit system') is geïmplementeer om die taxi-bedryf uit te wis.

1.7 Doeltreffende vervoer verhoog die afleweringskoste van grondstowwe aan die produsent.

1.8 Makro-ekonomiese beleid verwys na die proses om 'n land se strategiese ekonomiese doelstellings en doelwitte te bereik.

1.9 Vervoer as 'n middel tot 'n doel impliseer dat lande met armoedeverligting bygestaan word deur die verbetering van toegang tot onderwys, terwyl werksgeleenthede geskep word.

1.10 Vervoer as 'n afgeleide vraag ('derived demand') stel mense in staat om vir ontspanningsdoeleindes by aktiwiteite betrokke te raak.

(10 × 1) **[10]**

NCV

VRAAG 2

Kies 'n item of woord uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Enige eksterne faktor wat die vraag na of die prys van vervoer beïnvloed	A	vraag
2.2	Goedere of dienste wat wettig van een land in 'n ander ingebring word, veral vir gebruik in handel	B	pyplynvervoer
2.3	Fokus op die verbetering van die veiligheid, toeganklikheid en bekostigbaarheid van die taxi-bedryf	C	markfaktore
2.4	Onbuigsaamheid en beperkings ten opsigte van kommoditeite wat vervoer word	D	invoer
2.5	Hoeveel van 'n produk of diens benodig word	E	taxi-herkapitaliserings-program
		F	spoorwegvervoer

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Skryf die volgende akronieme volledig uit:

3.1 MOD ('MDG')

3.2 BBP ('GDP')

3.3 PSASA ('PRASA')

3.4 TNHO ('TNPA')

3.5 SBVS ('BRTS')

(5 × 1) **[5]**

VRAAG4

Definieer die volgende konsepte:

4.1 Vervoer

4.2 Elastisiteit

4.3 Handelsbalans

4.4 Handelstekort

4.5 Stadspreiding

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

AFRIKA SE APP-GEBASEERDE TAXI'S SÊ UBER DIE STRYD AAN OOR MARKAANDEEL

Uber, die internasionale saamry-maatskappy wat op slimfoontegnologie staatmaak vir versending ('dispatch') en betaling, is die bekendste alternatief vir tradisionele taxi's. Talle mense verkies Uber, wat in 2009 in die VSA bekendgestel is, weens sy billike pryse, gehaltestandaarde en gerief. Die konsep het internasionaal versprei.

Uber se ambisie is om die vervoersektor in Afrika te oorheers, maar dit kom te staan voor strawwe mededinging met plaaslike maatskappye. Uber het onbewustelik die begin om mobiele en karteringstegnologie ('mapping technology') vir die insameling van geo-ruimtelike data ('geospatial data') vanaf 'n selfoon te versprei. Die gevolg is dat Afrika se plaaslike tegnologiemaatskappye hul eie apps skep, wat verskillende soorte vervoerdienste bied.

In 2017 het die Suid-Afrikaansgebaseerde aanvangsonderneming, *Where Is My Transport*, sy app genaamd Vervoer vir Kaapstad bekendgestel, wat inligting verskaf vir mense wat reise beplan, en ook tydsroosters en inligting oor verkeersvoorvalle en plekke van belang bevat.

[http://www.bizcommunity.com/Article/410/78/166562.html]

5.1 Noem die VYF kragte wat volgens Porter se model van vyf kragte ('Porter's Five Forces model') mededingende mag ('competitive power') bepaal. (5)

5.2 5.2.1 Identifiseer TWEE van Porter se vyf kragte in die scenario hier bo. (1)

5.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.2.1. (6)

5.3 Beskryf TWEE komponente van Suid-Afrika as 'n tweevlak-ekonomie met betrekking tot vervoer. (4)

5.4 Noem VYF nie-ekonomiese redes vir vervoer en regeringsbelegging in vervoer. (10)
[26]

VRAAG 6

6.1 Noem DRIE minerale wat in Suid-Afrikaanse myne ontgin word. (3)

6.2 Vergelyk in tabelvorm die historiese (voor 1994) en huidige (na 1994) vervoerinfrastruktuur om die verskille tussen die volgende vervoermetodes aan te dui:

- Padvervoer
- Spoorvervoer (6)

6.3 Bespreek DRIE kenmerke van vervoer as 'n diens. (6)

6.4 Noem TWEE ontwikkelende lande. (2)

6.5 Noem VYF voordele van die BRT-stelsel in jou omgewing of streek. (5)
[22]

VRAAG 7

7.1 Omskryf die term toevoerdiens ('feeder service') met betrekking tot die minibus-taxibedryf. (2)

7.2 Noem VYF faktore wat daarop dui dat vervoer nie net 'n diens is nie, maar ook 'n belangrike rol in produksie speel. (5)

7.3 Onderskei tussen kliëntebeskerming en bedryfsbeskerming ('customer protection and industry protection'). (4)

7.4 Noem SEWE demografiese faktore wat 'n invloed op vervoer kan hê. (7)

7.5 Beskryf TWEE nadele verbonde aan die gebruik van die BBP-waarde ('GDP value') as 'n aanwyser van ekonomiese aktiwiteit. (4)
[22]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou